## AFDELING D: LETTERKUNDE

## *BLADSAK* – Lucas Malan

## VRAAG 6

## VERHAAL A: "OUPA JOB KOM TERUG" – Cecilia Kruger

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | • ekstra kos<br>• ’n trui<br>• R15/drie vyfrandstukke/geld<br>*(Enige TWEE)* | 2 |
| 6.2 | • Hy het gewonder waarom hulle die museum gaan besoek.<br>• Hy het daaraan gedink dat daar geen kultuurgoed in die museum gaan wees nie.<br>• Hy het aan juffrou Selati se woorde geloop en dink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3 | potte/wapens/maskers<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.4 | Ja.<br><br>• Die familie kon trots op oupa Job wees/hom as held vereer.<br>• Die familie kon so vir oupa Job beter leer ken.<br>• Die familie kon meer respek vir oupa Job gehad het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.5 | • Almal het van oupa Job se heldedaad gehoor.<br>• Almal kon oupa Job as ’n held onthou.<br>• Niemand sou hierna kon vergeet wie oupa Job was nie.<br>• Almal kon oupa Job onthou omdat sy medaljes/koerantuitknipsels in die museum uitgestal is<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6.1 | • E<br>• ... het 'n bekende persoon in Suid Afrika se geskiedenis geword.<br>• E het 'n bekende persoon in Suid Afrika se geskiedenis geword.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.6.2 | • D<br>• ... het baie in die museums geleer.<br>• D het baie in die museums geleer.<br>*(Enige EEN)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.6.3 | • A<br>• ... was verbaas dat museums nie eie aan Afrika was nie.<br>• A was verbaas dat museums nie eie aan Afrika was nie.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.6.4 | • C<br>• ... het die geskiedenis van die land goed geken.<br>• C het die geskiedenis van die land goed geken.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.7 | Ja.<br><br>• Hy het nie aan homself gedink toe hy die Duitse skip laat ontplof het nie.<br>• Hy het gedink om die vyande te verslaan.<br>• Hy het net daaraan gedink om sy makkers te red.<br>• Hy het die skip laat ontplof.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.8 | • Oupa Job is op 'n Duitse skip in Tobruk aangehou.<br>• Oupa Job het geweerkruit tussen die brandstofdromme gesit.<br>• Hy het die geweerkruit met 'n lang tou aan die brand gesteek.<br>• Oupa Job en sy makkers het van die skip afgespring. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.9 | Ja.<br><br>• Ek weet nou hoe belangrik dit is om ons kultuurgoed te bewaar.<br>• Ek wonder nou hoeveel van ons kultuurgoed al verlore gegaan het.<br>• Ek wil nou meer oor my voorvaders se dade uitvind.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Ek dink steeds dis nie belangrik om kultuurgoed te bewaar nie.<br>• Ek stel steeds nie in kultuurgoed belang nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | • D<br>• Wees trots op die goeie dinge wat jou familie gedoen het.<br>• D Wees trots op die goeie dinge wat jou familie gedoen het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.11 | • A<br>• 'n ander kultuur ook waardevol kan wees.<br>• A 'n ander kultuur ook waardevol kan wees.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.12 | Simon | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.13 | Ja.<br><br>• Die museum sal die kosbare medaljes bewaar/veilig hou.<br>• Ander mense kan nou daaruit oor sy geskiedenis leer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br><br>• Dis te kosbaar om weg te gee.<br>• Dit is net vir die familie bedoel/Dit is persoonlik/privaat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**EN**

**VERHAAL B: "DIE STEM VAN 'N KIND" – Pieter Pieterse**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.14 | Kubu | 1 |
| 6.15 | • Die mense het briewe van hulle familie ontvang.<br>• Hulle het iemand gehad om hulle briewe te lees.<br>• Daar was 'n boodskapper wat mense geroep het as daar nuus van buite was.<br>• Daar was 'n spoorwegbus wat tot by Kubu gery het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.16 | • Die stem moes ver gehoor kon word.<br>• Die stem moes suiwer/helder wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.17 | • Die vroue het opgehou kosmaak.<br>• Die mans het by die krale stilgestaan.<br>• Morobula het ophou timmer.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk as bogenoemde)* | 2 |
| 6.18 | bekommerd | 1 |
| 6.19 | Nee.<br><br>• Morobula was die enigste een wat hulle kon help/kon lees en skryf.<br>• Hulle het Morobula nodig gehad om met die buitewêreld te kommunikeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 6.20 | Ja.<br><br>• Molaeledi kon by hom sien hoe geletterdheid deure vir 'n mens oopmaak.<br>• Molaeledi kon by hom sien hoe om aan 'n droom te werk.<br>• Molaeledi kon by hom sien hoedat jy jou nie aan ander mense moet steur wat nie in jou drome deel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk as bogenoemde)* | 1 |
| 6.21 | • Molaeledi het saam met die kinders vir Morobula geterg.<br>• Molaeledi het 'n gevoel gekry wat hy nie geken het nie.<br>• Molaeledi het die kinders met 'n stok verjaag.<br>• Molaeledi wou saam met Morobula weggaan. | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.22 | • C<br>• 'n ander tipe boodskap geroep.<br>• C 'n ander tipe boodskap geroep.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23.1 | • C<br>• Die mense het gewonder of hy in Gauteng iets oorgekom het.<br>• C Die mense het gewonder of hy in Gauteng iets oorgekom het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23.2 | • B<br>• Die mense het gewonder of hy dalk deur 'n olifant getrap is.<br>• B Die mense het gewonder of hy dalk deur 'n olifant getrap is.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23.3 | • D<br>• Die mense het gewonder of hy in die myne seergekry het.<br>• D Die mense het gewonder of hy in die myne seergekry het.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.23.4 | • A<br>• Die mense het gewonder of hy die boodskap sou lees.<br>• A Die mense het gewonder of hy die boodskap sou lees.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.24 | • D<br>• 'n vergelyking.<br>• D 'n vergelyking.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 6.25 | • As ek 'n talent ontvang het, moet ek dit gebruik.<br>• Talente moet gebruik word om ander mense te help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.26 | • Dit lyk asof Molaeledi en Mokgadi van mekaar hou.<br>• Dit lyk nie asof dit Molaeledi meer pla dat hy moet grootword nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[40]** |

